# Hey!Brokkies
# Nuus 20 Mei 2011

HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

**1.Wees saam opgewonde oor die oes wat inkom van jong koring-are**



So klein as Gr R noooi Jesus in hul harte in !

Die Bybel sê niemand kan na Jesus toe kom as die Vader hom nie trek nie (Johannes 6:44). Die Vader het verlede week soveel kinders na Jesus getrek! Die **groeigoggas (grR) by Beaumont** het'n oorgawe les gehad en baie het aangedui dat hulle Jesus wil aanneem. Dieselfde dag het **Beaumont** se **gr 3 klas** wie Kinder EEIII doen ook gereageer op Openbaring 3:20 se uitnodiging: "kyk Ek staan by die deur en klop. As iemand My stem hoor en die deur oopmaak,sal Ek by hom ingaan.." en kies vir Jesus! Dieselfde dag laat weet Vanessa dat **gr5** leerders by **Lawrencia** oorgawes gemaak het! Sondag kom die goeie nuus van Belinda van **ACE kamp** waar 200 kinders was waarvan 59 hul harte vir Jesus gegee het. WOW! is al wat ons kan sê, God is so getrou! Bid asb saam met ons vir die kinders se geestelike groei.

De Hoop laat hul lig skyn



**2. Saalopening by De Hoop laerskool:** Wat 'n voorreg om saalopening te kon waarneem op **9 Mei.** Om van die verhoog na die see van gesiggies voor jou te kyk en te weet hoe lief God elke unieke mensie het is altyd vir my 'n inspirasie om Sy boodskap by hulle uit te kry! Die boodskap was dat die skool hul lig vir Jesus moet laat skyn(Matteus 5:16) **Soos 'n kers aangesteek moet word, moet Jesus ons "aansteek" en ons harte verander om te kan skyn vir Hom.** Hulle is ook uitgedaag om nie toe te laat dat enigeen hul kers "uitblaas" nie maar aan te hou met Hom aan hul kant!

**3. Hope 4 Kids (H4K) werkswinkel in Benoni (Gauteng)** 15 mense woon die kliniek by en Belinda getuig: "Die Here werk altyd so getrou met diegene wat inskryf. Almal kon getuig van wat God van hulle verder verwag.Ons vertrou dat God hulle sal gebruik om Sy Koninkryk uit te bou."**4.ACE Junior Convention**

Tydens hierdie **tuisskool leerders** se **konferensie 13 tot 15 Mei** is die H4K materiaal igebruik en is daar gekuier rondom Hemel, Mens, God, Christus, Geloof en Oorgawe. Die Here het weereens bewys dat Sy Woord nooit ledig sal terugkom nie en 59 kinders het'n keuse vir Jesus gemaak!



ACE tuisskoolleerders by hul konferensie

**Dankie vir jou gebede, liefde en omgee! Celeste Steinmann**